

*Die lewensboom van die huis Atlantis*

nakomelinge van die kuipers in daardie straatjie, die twee eerbiedwaardige ou dames Pennmeyer gewoon. Toe dr. Roselius weer op 'n sekere dag op pad is na die kantoor, kom een van die ou dames uit die huis uit, en spreek hom aarselend en verleë as volg aan:

„Goeie môre, mnr. Roselius, my naam is Pennmeyer, my suster en ek wens u dringend te spreek. Kan u nie saam kom en 'n koppie koffie met ons drink nie? Hier op straat kan ek nie alles vir u vertel nie."

Hoewel die aangesproke 'n besige man was, kon hy uit beleefdheid, maar ook uit nuuskierigheid hierdie merkwaardige versoek nouliks weier, en so het hy dan saam in die huis ingestap, wat eendag sy naam sou dra.

Toe hulle gemoedelik by koffie en koek rondom die tafel sit, het die ou dames begin vertel:

dus het die „koffiekoning" besluit om al die huise in die straat te koop.

Maar wat moes toe gebeur? Afbreek is gemaklik genoeg, maar wat moes hier, in die hartjie van die binnestad van Bremen met sy outydse boustyl, ontstaan, sonder dat dit bots met die bestaande geboue? Dit is die oplossing van hierdie vraagstuk wat die Böttcherstrasse, en daarmee sy skepper, Roselius, tot ver buite die grense van Duitsland bekend gemaak het. As vandag die ou dames Pennmeyer nog sou leef, dan sou hulle stellig hul herstelde ou stamhuis opreg bewonder, maar of hulle dieselfde geesdrif sou voel vir al die ander geboue wat daar ontstaan het, dit moet ons betwyfel, want selfs 'n moderne mens staan dikwels verbluf oor die skeppings wat daar in die loop van die laaste tien jaar ontstaan het.



*Toegang tot die straat*

Laat ons nou, nadat ons die geskiedenis van hierdie straatjie ken, kyk waarom Roselius en sy boumeesters so baie lof—en kritiek—deur hul boukuns veroorsaak het. Ons kom van die markplein af somaar dadelik voor die eerste verrassing te staan, die Paula-Becker-Modersohn Huis. Daar word vertel dat die boumeesters nie eers 'n ontwerp gemaak het vir die huis nie, maar dat hulle elke dag met hul werksmense by mekaar gekom het en daar en dan besluit het, hoe hulle nou verder gaan bou. Wel, as 'n mens die uitslag sien, dan kan jy amper glo dat dit waar is, so fantasties is die figure en vorme uit baksteen wat vir die meeste beskouers te modern sal wees, maar wat deur hul vreemdheid en oorspronklikheid tog beter pas in hul omgewing, as b.v. 'n nagemaakte ou boustyl. In hierdie gebou vind ons 'n kosbare versameling skilderstukke en ander kunswerke. Roselius het ook gesorg dat jong veelbelowende kunstenaars daar kan werk. Ons kom verby die Kunstenaarskafee „Die sewe luiaards." Die naam herinner aan een van die tallose ou stories, waarin ons altyd weer die droë humor van die Bremer-bevolking moet bewonder.



Volgens die storie het daar in Bremen sewe luiaards gewoon. So lui was hulle, dat hulle nie eers soos al die fatsoenlike burgers na die rivier wou stap om die nodige water te haal nie. Hulle het 'n waterpyp van die rivier af na hul huis gelê—en daarmee was hulle die uitvinders van die moderne waterleiding. Nou het Roselius en sy boumeesters weer 'n oulike grap op daardie ou geskiedenis gemaak. Hulle het die sewe luiaards in die muur afgebeel—en die gesigte daarop afgebeel—van die bekendste persoonlikhede van Bremen, insluitende Roselius self! Ons vind op die mure binnekant ook allerlei herinnerings aan die ander grappe wat vertel word oor die luiaards, b.v. dat hulle die eerste mense op die wêreld was wat hul straat met klippe hard gemaak het, sodat hulle nie hul waens uit die modder hoef te trek nie. Ook word beweer dat hulle die eerste mense was wat bome in 'n straat geplant het, omdat hulle te lui was om buitekant die dorp te gaan as hulle onder die skaduwee van groen bome wou rus!

Ons het intussen verder gestap, verby die ou huis van die Pennmeyers waaraan die straatjie sy huidige vorm te danke het. Wie ooit getwyfel het aan die gemoedelikheid van die outydse wonings, kan hier oortuig word. Alles is so ingerig asof die huis in daaglikse gebruik is, sodat die indruk van 'n museum gelukkig vermy is. Net toe ons weer buitekant is, weerklink daar 'n pragtige klokkespel. Ons gewaar die klokke tussen twee gewels van die geboue naasaan, en die gids vertel ons dat die wonderlik helder klank toe te skryf is aan die feit dat al die klokke van porselein gemaak is.

En dan staan ons skielik voor 'n . . . ja, wat op aarde is dit? Naas 'n huis waarop die sterrebeelde se simbole afgebeel is, sien ons 'n beeldwerk wat die vier verdiepings hoë gewel van bo tot onder in beslag neem. Dit lyk so fantasties, dat ons vir 'n oomblik geneig is om te dink dat 'n malmens hier aan die werk was. Maar ons ervaar dan dat hierdie beeldwerk van geweldige afmetings 'n getroue weergawe is van die ou Germaanse lewensboom, en



*Die Robinson Crusoe-huis*

wat in tye van die grootste nood hulself laat kruisig het om die gode te versoen en sodoende redding vir hul volk te bring.

Onvermydelik tref ons die merkwaardige ooreenstemming tussen die Christelike Heilsleer en hierdie offergedagte van die heidense Germane. Nou begryp ons die beeldwerk ook beter: die drie lewenswortels, waartussen die ingange van die gebou, die jaarrat met die gekruisigde figuur, terwyl as oud-Germaanse lewensteken die geheel gekroon is deur die sonskyf. In die gebou self, „Haus Atlantis" genoem, gaan ons langs 'n wonderlike trap wat vir 'n groot deel uit glas gemaak is, na die „hemelsaal," waarvan die mure en dak feitlik geheel uit gekleurde glas bestaan. Hierdie saal is nou ingerig as 'n herinneringsaal aan die grootste Duitsers uit die geskiedenis.

Voordat ons nou aan die einde van die straat kom, moet ons nog vir 'n oomblik vertoef in die interessante „Instituut für Leistungsprüfung." Hierdie instituut is 'n tiepies Duitse uitvinding. Op alle moontlike maniere kan 'n mens hier ondersoek word. Jy kan die geluid van jou hart 15,000 versterk, sodat dit deur die hele gebou dreun, en elke eienskap, soos geheue, konsentrasie, selfbeheersing, reaksie op indrukke, ens. word deur gevoelige instrumente opgeteken. Geen wonder dat groot firmas mense wat verantwoordelike betrekkings moet beklee,

Voor ons nou no
geboue aan die ar
straatjie gaan, bev
oomblik die gewels
mee die straat hie
argitektoniese stan
hier miskien die
Hier is die ou bou
dit is in 'n nuwe v
sukses. Dis is gem
boustyl van vroeër
het maar te veel v
die produkte van
skeppingskrag in o
soos daar, iets nuut
sluit by die ou vo
kunstenaar se wer
Crusoe-huis, so gen
skipbreukeling wa
komstig was, is 'n
lius self. Ons gaa
sale, elkeen 'n pra
en ons is ten slot
gangspunt terug.
kamer, ingerig soos
kaffeïen-vrye koffi
wanneer ons dan
waardige straatjie
op 'n gedig wat F
klip laat beitel het
te reëls 'n wonder
skepper verraai:

....Nou staa
in Bremen, e
Vandag staa
Môre val ek
Verganglik a
Onverganglik